# Klein Lochieland

## Nuusbrief Graad R en RR

*Lourensrivierweg / Posbus 124*
*STRAND*
*Tel: 021-8548592*
*E-pos:*
*adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za*

2026-03-06

Liewe Ouers

**GHOLFDAG: 13 MAART 2026**
Nog een week voor die "groot" dag. Ons is baie opgewonde en baie dankbaar vir elke ouer se bydraes sover!

U kan ook nog op die volgende manier bydra as u nog niks geskenk het nie:

| | |
|---|---|
| Bytjieklas RR1-Juffrou Annemarie: | ***Soet of sout koekies*** *(minstens een boksie per kind)* |
| Skoenlapperklas RR2-Juffrou Paula: | ***Groot pakke skyfies*** (*minstens een pak per kind)* |
| Besieklas RR3-Juffrou Michelle: | ***Sjokolade*** *(een "slab" per kind)* |
| Miertjieklas RR4-Juffrou Andrea: | ***Neute of droë vrugte*** *(een pakkie per kind)* |
| Naaldekokers RR5-Juffrou Jané: | ***Lekkers of beskuit*** *(minstens 'n pakkie per kind)* |
| | |
| Eendjieklas R1-Juffrou Anja: | ***Bier*** *(minstens 1 pak van 6)* |
| Beertjieklas R2-Juffrou Janita: | ***Witwyn*** *(minstens 1 bottel)* |
| Vissieklas R3-Juffrou Chantelle: | ***Ciders*** *(minstens 1 pak van 6)* |
| Hasieklas R4-Juffrou Cara: | ***Rooiwyn*** *(minstens 1 bottel)* |

***Alle skenkings vir die "goodie bags" en pryse moet asb. voor of op Dinsdag 10 Maart by die skool wees. Ons wil graag Woensdag 11 Maart die pryse en die "goodie bags" vir die gholfdag pak.***

**KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO'S**
Die foto-koeverte is hierdie week aan die kleuters uitgedeel. Die volgende fotopakkette is beskikbaar :

***PAKKET A:*** **R120-00**

- 2 X Digitale foto's (per e-pos gestuur)

***PAKKET B:*** **R150-00**

- 1 X A4
- 1 X 13/18cm
- 2 Jumbo's
- 4 ID-foto's

***PAKKET C:*** **R250-00**

- 1 X A5
- 1 X 13/18cm
- 3 Jumbo's
- 1 sleutelhouer

***KLASFOTO:*** **R60-00** ***Normaal/"Funny"***

- A5

## GRAAD R-INLIGTING:

**GRAAD R-SPORT**
**Slegs** vir die week van **9 tot 13 Maart** sal daar geen graad R-sport aangebied word nie. Die personeel het gholfdag verpligtinge elke dag na skool vir dié week.

**OUMA en OUPADAG**

Graad R-kleuters se oumas en oupas word uitgenooi na ‘n spesiale dag saam met hul kleinkinders op **Donderdag 19 Maart.** Kostes beloop R70-00 per persoon wat eet- en drinkgoed vir ouma en oupa insluit. Die kaartjies kan bespreek en betaal word op die D6-toepassing.

**Plek:** Klein Lochieland Speelterrein
Bring asb. jou eie kampstoel of piekniekkombers saam
**Tyd:** 10:30 - 12:00

Ons tema vir volgende week is: **SOMER**

| | | |
|---|---|---|
| Ons persepsies is: | Vorm: | **Reghoek** |
| | Kleur: | **Pienk** |
| | Getal: | **Hersien 1, 2 en 3** |
| | Klank: | **Hersien o, a, d, g en j** |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 9 Maart: | Ons teken onsself by die see |
| Dinsdag | 10 Maart: | ***ALLE GHOLFDAG SKENKINGS MOET IN WEES, ASB*** |
| Woensdag | 11 Maart: | Trek asb. iets **pienk** aan as jy het |
| Donderdag | 12 Maart: | Bring asb. ‘n **reghoekige** broodjie |
| Vrydag | 13 Maart: | ***KLEIN LOCHIELAND GHOLFDAG! Sterkte aan almal betrokke*** |
| Saterdag | 14 Maart: | ***Juf. Anita (assistent) van die Eendjieklas verjaar. Baie geluk!*** |

## GRAAD RR-INLIGTING:

**OUMA en OUPADAG**

Graad RR-kleuters se oumas en oupas word uitgenooi na ‘n spesiale dag saam met hul kleinkinders op **Woensdag 18 Maart.** Kostes beloop R70-00 per persoon wat eet- en drinkgoed vir ouma en oupa insluit. Die kaartjies kan bespreek en betaal word op die D6-toepassing.

**Plek:** Klein Lochieland Speelterrein
Bring asb. jou eie kampstoel of piekniekkombers saam
**Tyd:** 10:30 - 12:00

**AANTREKDAG**

Ons aantrekdag wat op Woensdag 18 Maart sou plaasvind, skuif na Vrydag 20 Maart.

Ons tema vir volgende week is: **VORMS en KLEURE**

| | | |
|---|---|---|
| Ons persepsies is: | Kleur: | **Pienk** |
| | Vorm: | **Ruit** |
| | Getal: | **4** |
| | Klank: | **h-klankie** |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 9 Maart: | Ons maak vorm-mannetjies |
| Dinsdag | 10 Maart: | ***ALLE GHOLFDAG SKENKINGS MOET IN WEES, ASB*** |
| Woensdag | 11 Maart: | Trek asb. iets **pienk** aan as jy het |
| Donderdag | 12 Maart: | Bring asb. **ruitvormige** broodjies |
| Vrydag | 13 Maart: | ***KLEIN LOCHIELAND GHOLFDAG! Sterkte aan almal betrokke*** |
| Saterdag | 14 Maart: | ***Juf. Anita (assistent) van die Eendjieklas verjaar. Baie geluk!*** |

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel